ZEISS & SAJWV GHONGSKIETKOMPETISIE

1. Inleiding

Die Zeiss & SAJWV ghongskietkompetisie is ‘n jaarlikse SAJWV intertak spanskietkompetisie. Zeiss is die hoofborg en ‘n SAJWV tak sal hierdie kompetisie aanbied. Hierdie kompetisie het ten doel om ‘n prettige en uitdagende spanskietkompetisie onder veldtoestande op ‘n goed georganiseerde en veilige wyse te wees. Standaard SAJWV goedgekeurde skietreëls word gebruik. Die klem is op veiligheid (veral in die veld) by die uitlê van bane vir kompetisies en die handhawing van billike standaarde wat die skietposisies en afstande reguleer. Die kompetisie word beplan vir vyf-man spanne. SA Jagters takke kan ‘n maksimum van 3 spanne per kompetisie per tak inskryf.

2. Formaat.

Die kompetisie bestaan uit ses afsonderlike bane van vyf 200mm ghongs elk. Daar word in intertak spanverband deelgeneem. Spanne bestaan uit 5 skuts waarvan minstens 3 lede uit dieselfde tak afkomstig moet wees. Span inskrywings moet deur die betrokke tak se voorsitter goedgekeur word om kontrole te verseker. Wenners word bepaal deur die aantal ghongs wat ‘n span raakgeskiet het, en tel uit ‘n moontlike 150 ghongs. Die organiseerders stel die bane op en die ghongs op elke baan word tussen ‘n minimum van 150m en ‘n maksimum van 400m versprei. Kennisgewings sal by elke baan opgerig word waarop aangedui sal word dat die naaste teiken nie nader as “x” en die verste teiken nie verder as “y’” sal wees nie.

Byvoorbeeld:
Baan 1: Teiken afstande tussen 160 en 250m - wat kan impliseer dat die naaste teiken op 175m staan en die verste teiken op 230m staan.

3. Telling

Elke ghong tel een punt. Die tellinghoeur per baan sal bevestig: “raak = 1 punt” of “mis= 0 punte”. Die tellinghouer se oordeel is finaal, geen dispuut sal aanvaar word nie. ‘n Maksimum van 25 punte per span kan per baan, behaal word. Indien ‘n baan of ghong buite volgorde geskiet word, word die betrokke telling verbeur.

4. Pryse
Alle pryse word toegeken deur middel van ‘n gelukstrekking na afloop van die kompetisie waarby die wenner teenwoordig moet wees. Die prys sal verbeur word indien die wenner nie teenwoordig is nie, en die trekking sal herhaal word totdat ‘n teenwoordige wenner getrek word.

5.Toegelate toerusting

Vuurwapens: Enige senterslag jaggewere, maksimum .30 kaliber.
Teleskoop: Enige teleskoop (uitgesluit laser teleskope)
Harris tipe tweepote wat permanent vasheg is aan die geweer – mag nie gebruik word nie
Elmboog beskermers
Knie beskermers
Nie-ondersteunende handskoene
Knaldempers
Skietmatte
Wat ook al die organiseerders op die baan beskikbaar stel
Geweerbande mag gebruik word op alle skietbane
Ballistiese rekenaars
Los passende skietbaadjies

6.Ontoelaatbare toerusting

Laser afstandmeters
Windmeters
Sandsakke
Verstelbare skietbank tipe geweerrusse.
Trompremme
Geen addisionele hulpmiddels anders as die wat deur die organiseerders op skietpunte voorsien word nie

7. Baan uitleg

Ses bane met 5 ghongs elk vir ‘n totaal van 30 ghongs per deelnemer.
Alle hulpmiddels sal op die skietpunte voorsien en moet gebruik word. Geen eie en/of alternatiewe hulpmiddels mag gebruik word nie.
Elke span het 10 minute om ‘n baan te voltooi.

8. Algemene reëls:

8.1 Hierdie kompetisie vind plaas onder beheer van die SAJWV se standaard skietbaanbevele en skietbaanveiligheidsreëls;
8.2 Die presiese afstande word nie aangegee nie;
8.3 Baanbouers mag nie deelneem nie;
8.4 Afstande mag gemeet word deur die persoon verantwoordelik vir die baanuitleg om te verseker dat dit binne die voorgeskrewe riglyne val, maar mag nie bekend gemaak word nie;
8.5 Elke baan moet met ‘n enkele geweer voltooi word. Verskillende gewere mag vir verskillende bane gebruik word. Geen vuurwapens mag gedeel word in die span gedurende die skiet van ‘n baan nie;

8.6 Die hoofbaanoffisier per baan sal ‘n span na die vuurpunt roep waarna al vyf lede in die afgemerkte area by die skietpunt moet staan;
8.7 Op bevel van die baanoffisier haal al vyf lede van die span hul vuurwapens uit en verklaar veilig;
8.8 Die baanoffisier sal die skietoefening verduidelik sowel as die skietposisies. Die grendels van die vuurwapens bly oop, integrale magasyne leeg (verwyder-bare magasyne mag gelaai wees indien dit uit die geweer gehaal is) tot die skut in posisie is. (Grendels bly oop wanneer spanmaats plekke ruil);
8.9 Wanneer almal gereed is begin die tyd en kan spanlid nommer 1 sy/haar posisie op die skietpunt inneem en dan eers mag die skut wat skiet sy/haar geweer laai en die grendel sluit;
8.10 Spanlid nommer 1 skiet gonge 1 tot 5 waarna geruil word met spanlid 2 wat gonge 1 tot 5 skiet en daarna word dit herhaal vir spanlede 3, 4 en 5;
8.11 Ghonge moet van nommer 1 tot 5 in volgorde geskiet word;
8.12 Indien ‘n ghong buite volgorde geskiet word, of ‘n skut skiet buite sy beurt, word die betrokke telling verbeur;
8.13 Grendels MOET “oop” wees wanneer posisies ingeneem word en wanneer skuts geruil word;
8.14 Skuts wat klaar geskiet het gaan na die uitgemerkte veiligheidsareas – grendels bly steeds oop – terwyl hulle wag vir die span om klaar te skiet;
8.15 Spankapteine mag met sy/haar spanlede kommunikeer en die spanlede mag onderling praat en mekaar help. GEEN afrigting van buite ‘n span word toegelaat nie;
8.16 Wanneer ‘n span klaar geskiet het, verklaar hulle veilig en pak hulle vuurwapen weg, waarna die baan veilig verklaar word;
8.17 Die volgende span betree die skietpunt, die baan word weer gesluit en die proses herhaal tot al die spanne klaar geskiet het;
8.18 Spanne/skuts wat nie op daardie stadium deelneem nie en toeskouers moet agter die veiligheidslyn bly;
8.19 Wapens moet te alle tye in sakke of tasse bly wanneer tussen bane beweeg word;
8.20 Geen hantering of verstellings aan enige vuurwapen behalwe wanneer die skut op die skietpunt is nie. Skuts wat hulself skuldig maak aan hierdie oortreding sal diskwalifiseer word;
8.21 In die geval van gelyke tellings word die spanne uitgetel vanaf die verste tot die naaste ghong, ongeag die baan waarop dit geskiet is, totdat ‘n wenner bepaal kan word.